

WAGENMAKERSVALLEI

LAERSKOOL

POSBUS 356
WELLINGTON 7655
TEL:(021) 864 10 96
FAX: (021) 873 3434



WAGENMAKERSVALLEI

LAERSKOOL

POSBUS 356
WELLINGTON 7655
TEL: (021) 864 1096
FAX:(021) 873 3434

EMAIL: wagenmakersvallei.prim@wcgschools.gov.za
PRINSIPAAL / PRINCIPAL: MNR.P.SOLOMONS

02 Oktober 2019

Geagte Donateur

Met hierdie skrywe wil ons ons opregte dank aan u oordra vir u bydrae aan ons toergroep. Ons is die Hemelse Vader ewig dankbaar vir die wonderlike ervaring wat aan ons kinders gebied is. Hy het hulle bewaar en veilig terug gebring. Dit was die derde jaar dat ons kinders deel was van hierdie toer en die impak is net groter elke jaar. Dat ons dit kon regkry om die hoeveelheid kinders geholpe te kry, is 'n wonderwerk.

Vir hierdie kinders was dit 'n sprokie wat waar geword het. Ons kinders het nuwe vriende gemaak, nuwe plekke gesien, die geleentheid gehad om te kompiteer met ander provinsies se spelers. Ons glo ook dat hierdie kinders geweldig baie gegroei het wat leierskap en vaardighede betref. Die waarneming vanaf ons toesighouers is hartroerend in sekere gevalle. Ons glo dat hierdie ervaring hierdie kinders 'n leeftyd sal bybly. Dit sal hulle ook aanmoedig om nooit op te hou droom nie en te alle tye te onthou dat elkeen van hulle 'n blink toekoms in die gesig star. Behalwe die sport en ontspanning is die kinders elke dag vertel van die wonderlike Jesus Christus en sy oneindige liefde vir hulle.

Dankie dat u verby alles gekyk het en die nood raakgesien het en uitgereik het. U het hierdie mooie prentjie help inkleur. Sonder u hulp sou alles donker vir ons kinders gewees het. Dis 'n blywende herinnering. Dit is ons wens dat hierdie kindertjies ook die waarde van u goedhartigheid sal begryp en deel van hul daaglikse lewens sal maak. Ons weet dat God u reeds in oorfloed seën vir hierdie wonderlike uitreiking. Ons harte is oorstelp van vreugde en daarom kan ons nie ophou om dankie te sê nie.

Ons wens u alle voorspoed en seënwense toe vir die res van 2019.

Groete

Mnr. P. Solomons (Skoolhoof)

Mnr. W. Goosen (Rugby sameroeper)